

Die kerk is nou in Pinkstertyd. Nadat Jesus opgewek is uit die dood, het hy aan klomp mense op aarde verskyn. Na 40 dae het hy opgevaar na die hemel, maar belowe dat Hy die Heilige Gees sal stuur om altyd by hulle te wees. Die Heilige Gees is in Handelinge 2 uitgestort en daarna is baie mense se lewe verander en het hulle die evangelie wat Paulus verkondig het, aangegryp.

Lees Handelinge 16:1-34. Let veral op die volgende:


- Die verskillende dorpe wat genoem word
- Die plekke wat die Heilige Gees keer dat Paulus besoek
- Die persone wat Paulus op sy reis teëkom
- Die manier waarop elkeen bekeer word
- Wat na elkeen se bekering gebeur

# HANDELINGE 16



In die tyd van Paulus, wat ook bekend was met die Joodse gewoontes en rituele, was dit algemeen vir die Joodse rabbis om soggens hierdie gebed tot God te bid:

“Dankie tog Here dat ek nie ‘n heiden, ‘n slaaf of ‘n vrou is nie!”


*"Blessed art thou, O God,*
*for not making me*
*a Gentile,*
*a slave*
*or a woman."*

Dit klink nogal arrogant, of nie?  Die Joodse mans het waarskynlik so gebid omdat hulle maar te dankbaar was dat hulle direkte toegang tot die tempel (en daarom tot God) gehad het en hulself gelukkig geag het om op die regte plek, in die regte volk en in die regte beroep te wees.

In Handelinge 16 maak die Heilige Gees seker dat Paulus nie die maklike of bekende uitweg kies nie.  Hy stuur hom juis na die volgende persone:

- ‘n Vrou genaamd Lydia
- ‘n Slavin wat met die duiwel besete was
- ‘n Romeinse, heidense tronkbewaarder

Wat beteken dit vandag vir jou?





Die Heilige Gees het nie perke nie.  Die Heilige Gees kom vernuwe, kom verander en bring Paulus uit by plekke waar hy voorheen nooit sou gaan nie en by mense wat hy voorheen nooit mee sou meng nie.

Wie is daar in jou lewe wat jy ontmoet het as gevolg van jou geloof of die evangelie?

By watter plekke het jy al uitgekom as gevolg van jou geloof of die evangelie, wat jy nie noodwendig sou besoek nie?


HEILIGE GEES VIR ALMAL

Wanneer ons na die bekering van die persone in Handelinge 16 kyk, besef ons opnuut dat die Heilige Gees vir almal is.

Dit is nie net vir onheilige persone wat ver weg van die Here is bedoel nie.

Dit is nie net vir diep gelowiges wat al lank met die Here 'n pad stap bedoel nie.

Dit is vir almal bedoel – ongeag status, kultuur, geslag of beroep.

**Die Heilige Gees is uitgestort vir ALMAL en is God se teenwoordigheid by ALMAL.**

Ons hoef nie die Heilige Gees te gaan soek nie – Hy is hier en nou by ALMAL van ons.

**Joël 2:28** *“sal Ek my Gees laat kom op al die mense”*

**Handelinge 2:4,16,39**
*“Almal is met die Heilige Gees vervul”*
*“Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep.”*

**Romeine 1:13-17** *“ek staan onder 'n verpligting teenoor Grieke en nie-Grieke, teenoor ontwikkeldes en ongeleerdes”*

**Kolossense 3:11** *“Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.”*

# HEILIGE GEES PERSOONLIK




Alhoewel die Heilige Gees in die openbaar op almal uitgestort is en tot almal se diens, is dit belangrik dat ons Hom persoonlik aanneem, aanroep en deel maak van ons persoonlike lewe.

Het jy al tot die Heilige Gees persoonlik gebid?

Het jy die Heilige Gees al persoonlik aangeroep in jou lewe?

Kyk byvoorbeeld na Lydia as ‘n individu in Handelinge 16:14-16.


LYDIA
FIRST DOCUMENTED
CONVERT IN EUROPE
N3K

Lydia was ‘n besigheidsvrou wat geglo het in God. Sy was intelligent en suksesvol en het die wet en die skrif gevolg.

Nogtans was daar dinge in haar lewe wat sy nog op ‘n harde en tegniese manier aangepak het. God het haar kom voorberei op die ware evangelie.

Hoe het haar lewe verander na die ontmoeting en persoonlike aanneming van die Heilige Gees in haar lewe? Sy was diensbaar, gasvry en het ‘n hart vir ander gehad!

Wat dink jy wil die Heilige Gees ook in jou lewe kom verander wat jy dalk mis? Hoe keer jy dat die Heilige Gees deur jou kan werk?


HEILIGE GEES VERBIND MENSE

Lydia nooi almal vir ete na haar bekering.

Die tronkbewaarder nooi die mense na sy huis toe vir ete na sy bekering.

Dit is die werking van die Heilige Gees – van publiek tot persoonlik tot weer publiek.

In Handelinge 2 is die Heilige Gees uitgestort oor almal. Mense van alle nasies en volke was daar teenwoordig en het in verskillende tale begin praat – alles ‘n manier waarop die Gees mense aan mekaar verbind, hoe harte versag en oë oopgaan vir God se teenwoordigheid wat ons almal deel maak van dieselfde evangelie, dieselfde droom.



**MATTEUS 28:19-20** Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

Die Heilige Gees is reeds uitgestort.  Hy is hier teenwoordig.

Hoe kan jy die olie wat uitgestort is weer laat vlam vat?

Hoe kan jy die deur oopsluit vir die werking van die Heilige Gees in jou eie lewe, en daarom ook in die lewe van ander?

Roep Hom aan!

Nooi Hom in!

Laat Hom lewe!

AMEN.



